

# SOEKIE DIE SEEMONSTER



# DEUR JANA SNYMAN

KOPIEREG WORD VOORBEHOU DEUR DIE SKRYWER

## Soekie die Seemonster...

Karlien teken patroontjies met haar vinger in die bruin korreltjiesand terwyl sy kyk hoe al die ander maatjies lekker in die blou seewater baljaar. Sy wens sy het ook maatjies hier gehad, maar, nee haar ma en pa wil mos 'n gesinsvakansie beplan sonder enige maatjies. Met 'n sug vat sy haar grafie en kap die sandkasteel plat voor sy sleepvoet na haar ouers se sambreel toe loop.

“Hoekom lyk jy so bekaf Karlien?” vra haar pa.

Karlien kyk vies op vanwaar sy op die punt van die swemhanddoek sit.

“Want ek is die enigste ene hier wat niemand het om mee te speel nie,” kla Karlien.

Karlien se ma en pa kyk vir mekaar en sug terwyl hulle stadig maar seker begin oppak en regmaak om huis toe te gaan. Karlien is erg gefrustreerd en begin haar strandsakkie met haar graaf en sandbakkie bymekaar te kry. Sy gee een laaste kykie na die kinders op die strand voor sy saam met haar ouers begin kar toe stap.

“Kan ek nie 'n roomys kry nie?” vra Karlien knaend terwyl sy met lus kyk na die roomystrokkie 'n paar meter weg. Die pienk-en-wit roomys met die lekker *flake* daarin laat haar vergeet van waarnatoe sy op pad is en sy begin doelbewus na die trokkie toe loop nog voor haar ma-hulle haar kan antwoord.

Sy druk deur die skare mense op Mosselbaai se strand om voor by die trokkie te kom. Sy staan en kyk 'n ruk lank na die roomystrokkie se pienk-en-blou vlaggie wat so mooi in die wind wapper, voordat iemand haar uit haar dagdrome ruk.

“Is jy al gehelp?” vra die tannie vanuit die trokkie.

“Uhm, tannie hoeveel kos 'n... 'n roomys? Die pienk ene...” vra Karlien baie ingenome met haarself.

“R10,” antwoord die tannie bot.

Karlien kyk om haar om te sien waar haar ma en pa is sodat sy hulle vir geld kan vra. Sy draai en draai, maar in die skare van mense sien sy niemand wat bekend lyk nie.

“Wil jy 'n roomys hê of nie?” vra die tannie kwaai van agter die trok se venstertjie.

Karlien kyk verbouereerd om haar, nie seker wat om die kwaai tannie te antwoord nie. Sy sien nêrens haar ouers nie...

“Uhm, ek...ek sal nou weer terugkom, tannie, ek soek net my ma-hulle...”

Karlien neem 'n tree uit die ry uit, en staar na die skare mense om haar. Sy raak nou baie benoud. Dit help ook nie dat sy glad nie kan onthou waar haar pa vanoggend die kar parkeer het nie, want alles lyk vir haar dieselfde. Sy hardloop na die ander punt van die heining waar die getypoel is.

“Ma-aa-aaa...Pa-aa-aaa!” skree sy.

Sy sal nooit weer lelik wees met haar ma en pa nie, nooit weer kwaad wees as hulle nie 'n maatjie saam op vakansie wil laat kom nie, dink Karlien by haarself.

Sy sien een van die kelners by *Delfino's restaurant* kyk vir haar en sy loop huiwerig na hom toe, baie bewus van haar ma se waarskuwing om nie met vreemdelinge te praat nie.

“Hallo jy, is jy oukei?” vra die vreemdeling vriendelik.

“Uhm, ek weet nie, oom. Ek soek my ma-hulle, maar kry hulle nie...Ek wou net roomys gehad het,” en met haar vinger wys sy na die roomystrokkie wat eenkant staan.

“En toe ek weer sien, is hulle weg,” Karlien se stem is naby breekpunt en die huil sit net agter in haar keel.

Die vreemdeling wil nog met die verbouereerde dogtertjie praat, maar by een van sy tafels laat iemand al die drinkgoed met 'n kabaal val. Hy kyk geïrriteerd na die tafel.

“Wag net hier, ek kom nou terug!” sê hy vir Karlien en drafstap na die tafel vol mense.

Karlien kyk rond en sonder om gehoor te gee aan die vriendelike oom se woorde, besluit sy om haar eie soektog te begin.

Sy loop al langs die reling af op soek na twee bekende gesigte. Sy sien hoe al die ander kinders saam met hul ma's en pa's stap en by die rotspoeletjies na die visse en seesterre kyk. In gedagte loop sy af na waar die mense staan. Sy trippel oor die klippies na die rotse, waar die water teen die rotse spat. Die druppels maak haar gesiggie nat, en moedeloos gaan sit sy op 'n rots 'n entjie verder van die mense af.

Sy staar oor die golwe en trane loop oor haar wange. Sy wens sy was nooit ongehoorsaam aan haar ouers nie. Soos sy die trane afvee, land daar 'n paar druppels in die golwe van die see voor haar. Sy sit en staar voor haar uit, bang oor hoe sy haar ouers gaan opspoor voor dit donker raak.

Skielik hoor sy 'n fluisterstem. "Shweeeessjjjjjjj" Karlien kyk op na die blou see, vas oortuig dat dit nie net branders is nie.

"Wie is daar?" vra Karlien. Dadelik op haar hoede, want sy onthou haar ma het gesê sy mag nie met vreemdelinge praat nie.

"Dis ek, Soekie..."

"Ek...ek ken nie 'n Soekie nie," sê Karlien versigtig.

"Wel, my eintlike naam is Soekie die Seemonster, want almal dink my vel is nie baie mooi nie, maar eintlik is hulle net dom."

"Hoekom, hoe lyk jou vel?" vra Karlien en vergeet dadelik van haar voorneme om nie met vreemdelinge te praat nie...

"Kyk self, dommie..." sê Soekie speels.

Karliën trek haar oë op skrefies, maar sien niks nie. Voor sy weer kan vra, spring daar 'n groot vis voor haar uit die water, met die vreemdste kleure van rooi en geel wat skitter in die son. Op die vis se rug is daar oral swart stekeltjies en riffeltjies. Karlien gril merkbaar vir die lelike vis hier by haar en hoop net dat die ding nie met haar lelike vel aan haar kom byt nie.

"Hiert, wat doen jy?" skree Karlien toe die vis uit die water spring en met haar kop op die rots voor haar kom lê. Haar kop raak amper aan Karlien se voetjies. Die vis is enorm, en die aaklige rooi en geel skitter in Karlien se oë.

Karliën kyk verskrik om haar om te sien wat die ander mense se reaksie op die groot vis hier voor haar voete is. Tot haar groot verbasing, gaan almal net voort soos altyd - amper asof die groot, lelike ding voor haar nie bestaan nie.

"Wat is jy?" vra Karlien huiwerig.

"Ek is Soekie die Seemonster. Ek het jou mos gesê."

Karliën wil nie onnodig mislik wees nie, maar Soekie is regtig darem maar lelik... Sy verstaan nie hoekom sy so oulik is as sy so lelik is nie? Lelike goed kan mos nie mooi wees nie.

“Jy is nes hulle...” laat Soekie die Seemonster van haar hoor.

“Hoe bedoel jy?”

“Jy kyk nes die ander visse na my met dáárdie oë...”

Karliën voel effe skuldig, en steek haar klein handjie na die vis toe, net om te probeer aan haar skubbe raak. Sy vryf saggies oor die glibberige, slymerige vel en sien hoe Soekie se vin van blydschap in die water wapper. Dalk is sy darem nie so lelik nie, dink Karliën terwyl sy die slymerigheid van die vin begin geniet en dit op haar hande vryf.

“Ah-ha,” skater Soekie van die lag. “Jy hou tog van my vel sien ek. Die ander visse sê ek is lelik omdat ek nie soos hulle lyk nie. Hulle het die mooiste pers-en-blou velle, met geen knoppies op soos myne nie,” sê Soekie terwyl sy haar stert op die water klap en Karliën sopnat spat.

Karliën vergeet vir ’n oomblik van al haar probleme, die feit dat sy nie weet waar haar ouers is nie, en vergeet van al die mense op die rotse om haar en geniet die spliesj-splisj van die vis in haar gesig.

“Hoekom sit jy so alleen?” vra Soekie na ’n rukkie.

Karliën kry weer die hartseer uitdrukking in haar oë. “Ek het my mamma en pappa verloor en weet nie waar om hulle te vind nie.”

Soekie dink so rukkie. “Ek het ’n briljante idee!” sê sy opgewonde.

Karliën kyk verskrik na die vis wat so hard praat en water spat. Hoe is dit dat niemand om haar die vis sien nie?

“Wat is jou plan?”

“Wel, jy kan op my rug klim en dan kan ons al langs die strand af swem en jy kan kyk of jy nie jou mamma en pappa sien nie.”

Karliën is baie huiwerig. Dis nou nie die mooiste vis nie en sy het nog altyd gedroom om eerder op die rug van ’n dolfyn te swem ...

“Maar wat van al die mense om ons? Hulle gaan mos bang raak as hulle ons sien?” vra Karlien nuuskierig.

“Wel, die mense kan my nie sien nie...”

“HOE?” gil Karlien verbaas. “Is jy deel van my verbeelding? Want ek droom nooit van lelike visse nie.”

“Eina!” roep Soekie vies. “Vir iemand wat so oulik is, oordeel jy darem maar baie vinnig, nè? Wel, ek is nie deel van jou drome nie, maar ek kan wel kies aan wie ek verskyn. En jy het gelyk na iemand wie se maatjie ek sou wou wees en wat my nie sal oordeel vir my lelike vel nie.”

Karliën hoor die hartseer in Soekie se stem en besef dat sy nie mooi gemaak het nie. Soekie mag dalk nie die mooiste wees nie, maar sy is baie oulik en sy wil háár maatjie wees. Hoekom dan nie?

“Oukei, kom ek klim op jou rug en dan gaan soek ons my mamma en pappa, MAAR jy moet belowe om my nie af te gooi nie. Ek kan nie lekker sonder my *Barbie*-vlerkies swem nie, hoor jy?”

Soekie is merkbaar gelukkig, en plas heeldyd rond in die water van opgewondenheid.

“Wonderlik, waarvoor wag jy, klim!”

Karliën staan op en loop nog nader aan die rots. Versigtig dat sy nie op die glibberige vel gly nie, lig sy eers haar een been en dan haar ander been oor die stekelrige rug van die vis en hou met haar handjies styf vas aan ’n stekelknop op Soekie se rug.

“*Ready or not*, hier gaat ons!” skree Soekie.

Soekie swem vinnig met Karliën op haar rug. Sy vleg deur die branders en klein waterdruppeltjies spat op Karliën se gesig, terwyl die vars lug deur haar hare waai. Karliën het nog nooit soveel pret gehad nie. Sy voel hoe sy deur die water gly en al die lekker van die see op haar lyfie voel. So asof sy in ’n lekker fliëk is. Kort voor lank bereik hulle weer die swemstrand en Soekie begin al stadiger swem.

“Sien jy iets?” vra Soekie. Karliën se ogies vleg deur die skare mense. Sy sien al die maatjies op die strand en ewe skielik is sy bly dat sy Soekie ontmoet het. Soekie is baie beter as enige mensmaatjie.

Karliën wil net moed opgee, toe haar oog die mooi blou hoed wat haar ma altyd strand toe dra, vang. Sy sien hoe haar ma op en af loop en met mense op die strand praat.

“Daar! Daar, kyk Soekie!” skree Karliën en wys met haar klein vingertjie na waar haar ma dóer op die strand staan.

Soekie gooi amper vir Karliën van haar rug af toe sy met ’n groot spoed uit die water spring en met ’n groot plons weer in die water land.

“Ekkk sieeenennn,” borrel Soekie merkbaar hartseer dat hulle ontmoeting so kort was. Soekie maak ’n groot draai en begin geleidelik na die strand se kant toe swem. Net voor hulle die sanderige strand bereik, stop Soekie sodat Karliën van haar glibberige rug kan afgly.

Soekie en Karliën kyk vir ’n oomblik na mekaar en Karliën strek haar handjies uit na Soekie en gee haar ’n natterige drukkie.

“Dankie, Soekie, ek... ek wil graag jou maatjie wees.”

Soekie is baie gelukkig en plas met haar stert op die water. “Ek wil ook baie graag jou maatjie wees, JA.”

“Maar hoe gaan ek jou weer sien?” vra Karliën hartseer.

Soekie dink so oomblik en plas weer met haar stert op die water. “Elke keer as jy naby die see is, sal ek weet en sal ek na jou toe kom. Roep net my naam en jy sal my sien.”

Met daardie woorde swem Soekie die bloue see in.

Karliën staar vir enkele oomblikke na die vis wat so vinnig in haar hartjie ingekruip het. Sy sal elke keer terugkom na die spesifieke plek toe sodat sy met Soekie kan praat.

“Karliën... Karliën... Is dit jy?” Sy hoor haar ma se stem van ver af na haar deurdring. Toe sy omkyk, raap haar ma haar op in haar arms en versmoor haar amper soos wat sy haar vasdruk.

“Mamma!!” wurg Karliën die woorde uit. Haar hande klou om haar ma se nek en sy ruik sommer weer die lekker geur van huis.



“Ag, my kind, ons het so na jou gesoek!! Waar op aarde was jy?” vra Karlien se ma met trane in haar oë.

Karliën dink ’n oomblik lank en besluit om Soekie die Seemonster haar geheim te hou.

Karliën wys met haar vinger na die oop blou see met die rustige golwe wat breek asof daar niks onder die water aangaan nie.

“Ek was daar...” sê Karlien met blink oë.

Karliën se ma kyk verward na die see en die strand waar hulle nog heeldag soek, en met liefde vou sy Karlien toe in haar arms.

“Kom, kom ons gaan huis toe. Jy kan môre weer kom speel en dalk volgende jaar kan daar ’n maatjie ook saamkom,” laat haar ma hoor.

“Dis oukei mamma, ek het klaar ene,” sê Karlien en kyk terug see se kant toe voordat sy saam met haar ma kar toe stap.

*Maatjies, dis belangrik om te onthou dat dit nie saak maak hoe iemand lyk nie. Dit is hulle hart wat saak maak. Daarom moet ’n mens nooit iemand oordeel voordat jy hulle nie self geleer ken het nie. Onthou ook om altyd te luister na jou mamma en pappa en nooit op jou eie in vreemde plekke te loop nie. Jou ouers weet wat die beste is vir jou!*